

Inhoud Hierdie preek wys wat die verskil is tussen sogenaamde kampvegters vir God en God se koninkryksake, en getuies en dienaars van God. Dit word gedoen deur te wys hoe God van Paulus, as kampvegter vir God se saak in die Naam van die Joodse Messias, sy getuie en dienaar op die Damaskuspad gemaak het. Getuies bedryf en veg nie vir God sy sake nie. Hulle vertel net van die lyding en opstanding van Jesus Christus. Christus alleen bedryf God se koninkryksaak, die vergifnis van sonde, sonder enige mede-koninkryksbestuurder, – organiseer of vegter. Geestelikes wil vandag gelowiges as getuies van Christus, kampvegters vir God en God se koninkryksake maak, deur hulle van hulle geloof en belydenis oor die lyding en opstanding van Jesus Christus kamstig te bevry asof dit fundamentalisme sou wees.

Skriflesing Handeling 1: 4 – 8; 2: 21 – 22; 9: 1 – 18; 22: 11 -16.

Teks Handeling 9: 15 “Toe sê die Here vir Hom: “Gaan daarheen wat Ek het hom uitverkies as werktuig om my naam uit te dra onder die heidennasies en ook onder Israel.”

Tema Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

1. Ons gaan vanoggend uit die Bybel ontdek wat die verskil tussen is tussen kamstige kampvegters vir God en getuies en dienaars van Jesus Christus. Die kinders! Julle kan nie vir julle pa en ma by die skool gaan baklei nie. Hulle verbeid julle om met ander kinders in gevegte betrokke te raak wat iets slegs oor jou ouers sê. Jy kan en moet iets anders by die skool gaan doen. Jy kan by die skool gaan vertel hoe jou ma jou verras het met die lekkerste kos nog ooit en hoe lekker jy geëet het en jy moet jou werk gaan doen by die skool soos jou pa en ma vir jou gesê het. Dit is die verskil tussen om 'n kampvegter of 'n getuie en dienaar vir die Here te wees. Kampvegters vir God is mense wat soos skoolkinders met hul ouers vir God wil gaan baklei. Getuies en dienaars is gelowiges wat vertel wat God vir hulle gedoen het en na god se opdragte luister.

Ons as Christelike kerk, gemeente en u as lidmate ervaar al meer en meer iets vreemds in ons land – godsdienstige korrupsie. Dit neem 'n spesifieke vorm aan: dit gaan oor mense wat hulle self sien en optree as kampvegters vir Jesus Christus teen die kerk van die Here Jesus Christus. Dit is hierdie teenstrydigheid waarin ons al meer vasgevang en verstrikt word binne die kerk: kampvegters vir Jesus wil ons in hul saak vir God wil mobiliseer teen die kerk en as ons nie saam met hulle vir God wil baklei nie, aan hulle ons aan asof ons God se vyande is.

2. 'n Kampvegter vir God is totaal iets anders as 'n dienaar van die Here Jesus Christus. Paulus was voor hy tot geloof in Christus gekom het 'n kampvegter vir God teen God se kerk. Hy stel dit self só in Handeling 22 vers 4 aan die massa wat hom

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

wou doodmaak: “Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem en in tronke laat stop.”

’n Kampvegter vir God is iemand wat gelowiges vervolg en wil uitroei omdat hulle glo hulle veg vir God se saak! Dit is die hart van die korrupsie van die kerk van die Here: kampvegters vir God wat gelowiges uit die kerk en land wil uitroei.

Kampvegters vir God in God se kerk is daarom eintlik niks anders as geestelike anargie en geestelike anargisme nie. Geestelike anargie is lidmate wat as kampvegters vir Jesus die Here se kerk wil verniel en vernietig. Geestelike anargisme is wanneer die uitroei van die kerk van die Here, die doel en strategie van kerklike amptenare word. Kyk hoe stel Paulus dit in Handeling 22: 5: “Dit kan die hoëpriester en die hele Joodse Raad bevestig. Van hulle het ek selfs bekendstellingsbriewe aan die Joodse broers in Damaskus gekry om ook daar hierdie mense in hegtenis te gaan neem en Jerusalem toe te bring om gestraf te word.”

Hier is dit nie meer net Paulus as enkeling wat die kerk van die Here wil uitroei nie. Dit is die hele Joodse Raad. Dit was die Joodse Raad wat leiding geneem het in die moord op Stefanus (Hand. 7) die Joodse Raad het Herodes ondersteun in die moord op die apostel Jakobus (Hand. 12), die Joodse Raad wat ’n komplot gesmee het om onder die voorwendsel van ’n godsdienstige debat in Jerusalem Paulus deur sluipmoordenaars dood te maak (Hand. 23) en die Joodse Raad wat Jesus se broer en predikant van Jerusalem doodgemaak het.

Die Joodse Raad het die gesag en amp vir hulle self toegeëien dat hulle die leiers van die volk van God is en dat hulle die geestelike gemeenskap van die Christus is – en hulle roei die kerk van die Christus uit! Dit is kerklike korrupsie, kerklike anargie: om as sogenaamde geestelike leiers die kerk van die Here te wil uitroei. Dit is wie kampvegters vir God is!

3. Ek wil vandag vir u graag ’n saak voorlê om in u gemoed te oorweeg volgens die Woord van God: dit is presies die posisie waarin ons onself vandag as kerk van die Here in ons land bevind. Binne die geestelike anargie en anargisme van kampvegters vir God teen ons as kerk van Jesus Christus!

Die strydkreet van hierdie kampvegters vir God teen God se kerk is nie ’n geheime komplot van ’n klomp agteraf skelms en goddeloses nie. Dit is die openlike strydvoering van mense wat hulself benoem as geestelike leiers. Hulle geestelike doel volgens hulle self is om die kerk van die Here te bevry van fundamentalisme.

Waarvan is ons gevangenes waarvan die Here Jesus Christus red, ons bevry? Dit is van sonde! Jesus is vandag Here en Christus (Hand. 2: 34 – 36) Hy is die Christus, die Messias wat vir ons sondes gely het, gekruis en begrawe is, gesterf en ter helle

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

neergedal het. Hy is die Here wat ons deur sy Gees in sluit in hierdie werke en ons só ons sonde vergewe. (Hand 2. 33)

Die kampvegters van vandag wil nie dat God ons van ons sonde red nie. Hulle wil ons van ons sogenaamde fundamentalisme bevry sodat hulle ons hul mede-kampvegters vir God se sake kan maak. Hulle wil ons bevry om nie meer broers en susters te wees nie, maar kamerade.

4. Wat het die Here met Paulus op die Damaskuspad gemaak? Hy het van 'n kampvegter vir God in die Naam van die Messias, in die Naam van die Christus, 'n getuie en dienaar van Jesus wat Here en Christus is, gemaak!

Wat is die verskil tussen om 'n kampvegter vir God in die Naam van Christus te wees teenoor om 'n getuie en dienaar van Jesus as Here en Christus te wees? 'n Kampvegter vir God veg God se saak vir God, net soos party kinders vir hul ouers gaan veg by die skool. Hulle veg om God se krag en mag te handhaaf, uit te brei, te beskerm, te propageer en om mense aan die krag en mag van God te onderwerp. Só is hulle God se kampvegters! Om hierdie geveg in die Naam van die Christus te doen, soos Paulus en elke ander Jood mee besig was, is om met hierdie geveg vir die Christus wat moet kom, die stoel van Moses gereed te kry. (Mat. 23: 2 Nuwe Direkte Vertaling) Hulle kry mense gereed vir die koms van die Joodse Christus deur hulle aan die wet van God te onderwerp en só God se gesag en mag te handhaaf.

Alles wat Paulus in die Naam van die Christus gedoen het voor en op pad na Damaskus, het hy in die Naam van die Joodse Christus gedoen. Dit is die innerlike teenstrydigheid waarin hy bevange was: Hy het teen Jesus as die Christus wat gekruisig was en opgestaan het uit die dood, geveg in die Naam van die Joodse Messias, die Joodse Christus wat die wet van God met mag en geweld gaan kom handhaaf.

Só is Paulus as kampvegter vir God op pad na Damaskus, ons hulle wei glo dat Jesus Here en Christus is, aan die mag en krag van God te onderwerp deur die wet van God, en dit om volgens hom in die Naam van die Christus. En toe maak Jesus die Here van hierdie kampvegter vir God, in die Naam van die Christus, 'n getuie van en dienaar van Hom as die gekruisigde en opgestane Christus. Die Joodse Christus het kampvegters. Jesus die gekruisigde en opgestane Christus het net getuies en dienaars.

5. Dit is wat op die Damaskuspad gebeur! Jesus die Here en Christus, verskyn aan Paulus om van hom wat 'n kampvegter vir God teen Jesus as 'n valse Messias, sy getuie en dienaar te maak.

Ons mag nie van die Here se verskyning op die Damaskuspad die katarsis van een of ander 'n geestelike worsteling wat Paulus sou gehad het, maak nie. Paulus het

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

geen geloofswroeging of geestelike worsteling gehad oor waarmee hy as kampvegter vir God besig was nie. Volgens sy eie verklarings was hy op die Damaskuspad begeesterd om mense wat die leer van 'n Christus wat gekruisig is en uit die dood uit opgestaan het vir vergifnis, totaal te wou uitroei. (Hand 22: 4; 25: 19) en was hy vas oortuig “dat ek alles in my vermoë moes doen teen die Naam van Jesus van Nasaret.” in die Naam van die Joodse Messias in wie hy as Paulus vas en seker geglo het. (Hand. 26: 9)

Hierdie verskyning van Jesus as die verhoogte Christus en Here is iets wat noot weer met iemand anders na Paulus kan gebeur nie Paulus verduidelik self in 1 Korinthiërs 15: 1 – 8) wat hier met hom gebeur het: “Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig. ... Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn.”

Hierdie verskyning aan Paulus is 'n verskyning net soos in Lukas 24: 36 – 48. Hierdie verskynings van Jesus Christus het, soos Paulus dit stel, met hom die heel laaste keer gebeur. Die volgende verskyning is wanneer Jesus met sy wederkoms verskyn.

Wat maak Jesus Christus met Paulus in en deur hierdie verskyning? Die Here maak van hom 'n apostel, net soos die ander apostels. Dit sien in ons Paulus se eie verduideliking van Ananias se woorde aan Paulus in Hand. 22: 14,15: “Toe sê hy: ‘Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.’”

Om Jesus self te gesien en te gehoor het, was 'n vereisde gewees om apostel te kon wees. Dit is ook die voorvereisde gewees in die verkiesing van Mattias in Judas se plek in Handeling 1: 21-22: “Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.”

Deur aan Paulus te verskyn, sien Hy die opgestane Here en hoor hy sy stem. Op hierdie wyse maak Jesus aan die regterhand van die Vader, van Paulus 'n apostel nes die ander apostels. Só stel Paulus hom in die inleiding van elke brief wat ons van hom het dan bekend, as apostel van Jesus die Christus, en in Romeine ook as Dienaar van Christus.

6. In hierdie benaming: “Getuie en dienaar” wys die verskil tussen wie Paulus eers as kampvegter vir God in die Naam van die Joodse Christus was, en wie Jesus Christus hom deur sy verskyning aan hom maak.

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

'n Getuie is net dit – 'n getuie. Dit is 'n regsterm wat verwys na mense wat in 'n hof as getuie moet optree. 'n Getuie mag net vertel van wat hy gesien en gehoor het. Net dit! Nie sy mening, sy gevoel, sy verstaan, sy ervaring van dinge nie! Dit is wat getuie hier beteken. Christus verskyn aan Paulus sodat hy net kan vertel wie Hy gesien en gehoor het.

'n Getuie het geen eie saak in die hof nie. Die saak in die hof is ook nie sy saak nie. Die saak in die hof is die staat, die regter en staatsaanklaer se saak. 'n Getuie is nie eers met 'n teensaak besig nie. Jy moet net buite sit en wag totdat jy ingeroep word om te vertel wat jy gesien en gehoor het.

Dit is presies hoekom Jesus van die begin af die apostels as getuies benoem en aanstel in Lukas 24: 48: “Julle is getuies van hierdie dinge.” Hulle is getuies van die lyding en opstanding van Jesus Christus en moet getuig dat Hy die Here en Christus is wie sondaars vergewe. Lukas lei die Handeling in met 'n vraag van die dissipels wat God se kampvegters wil wees: “Toe hulle 'n keer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U weer die koninkryk vir Israel gaan oprig? (Hand. 1: 6) Met hierdie vraag wou hulle soos Paulus begin om te veg vir die koninkryk van God vir Hom as die Messias om op die troon van Moses te gaan sit. Jesus se antwoord wys hulle weer dat hulle nie koninkrykvegters, bestuurders en organiseerders gaan wees vir God nie. Die koninkryk is Christus se saak, nie hulle saak nie. Hulle moet net getuig wanneer hulle tot diens opgeroep word: “Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandighede te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld. (Hand. 1: 7 – 8)

Vir Paulus het dit beteken dat na die verskyning van die Here in ongeveer 33/34 n. C het 'n paar keer as getuie kon optree, en toe vir tien jaar lank terug is na sy tuisdorp Tarsus. Eers na tien jaar in ongeveer 46/47 n. C het die Here hom toe opgeroep deur Barnabas om in die nuwe Griekse gemeente in Antiogië as leraar te kom werk, en toe eers het hierdie gemeente hom op sy eerste sendingreis uitgestuur. As getuie moes hy “buite die hof sit en wag” totdat hy opgeroep was om te kom getuig in die koninkryksaak van God waarmee net Jesus Christus as verhoogte Here besig is. Christus se verskyning het nie van Paulus net weer nog net 'n kampvegter vir God se saak in die Naam van Jesus gemaak nie. Dit het hom 'n getuie gemaak wat nie meer die koninkryk van God bedryf of bevorder of beskerm nie.

7. Wat met Paulus op die Damaskuspad gebeur het, is ook nie 'n geestelike bekering van een of ander aard nie. In Handeling 2: 21 gebruik Lukas die uitdrukking wat wys dat mense tot bekering gekom het: om die Naam van die Here aan te roep. Om die Naam van die Here aan te roep, beteken dat hulle glo en bely dat Jesus die Christus wat vir hulle sonde gely en opgestaan het en die Here is aan die regterhand van God wat hulle sonde vergewe deur die gawe van die Heilige Gees aan hulle te

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

skenk. “So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”
(Hand 2:21)

Paulus het vir die eerste keer die Naam van die Here aangeriep in Reguitstraat in Damaskus, toe Ananias aan hom verduidelik het hoekom die Here aan hom verskyn het, nie op die Damaskuspad nie. “En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeriep het.” (Hand. 22:16) Op die Damaskuspad het Paulus nie geweet wie die die Here wat aan hom verskyn nie en vra daarom : Wie is U Here”. (Hand. 9:5) Op die Damaskuspad is Paulus ’n verdwaasde kampvegter vir God wat deur die soewereine mag van Jesus Christus as Here van al sy krag, mag en status om teen die Here te veg, gestroop word, gestop word, blind gemaak word en as getuie en dienaar aangestel word vir dit waarteen hy veg.

Op die Damaskuspad maak die Here ’n vegter vir God se koninkryk wat met God se koninkryksake besig wil wees, net ’n getuie! Dit is nie iets uitsonderliks nie. Dit is presies wat met elke dissipels van die Here gebeur het. Elke dissipel wou deur Jesus bemagtig word om met God se koninkryksake besig te wees. Daarom berispe Petrus Jesus om nie te moet dink dat Hy vir sondes kan ly en uit die dood uit opstaan nie, (Mat. 16: 22) wil Johannes en Jakobus aangestel word as Jesus se opvolgers van God se koninkryk as Jesus sou doodgaan, (Mat. 22: 20 – 28) en daarom verloën Petrus Jesus, veraai Judas Jesus en verlaat as sy dissipels Hom met sy lyding en kruisiging. Hy gaan hulle net getuies van sy lyding en opstanding maak, terwyl hulle God se koninkryksake wou bedryf. Die dissipels het vir die eerste keer geglo in Jesus as Christus wat jy en uit die dood opstaan en as Here en God, na sy opstanding uit die dood. (Hand. 24: 45) Dit is drie jaar na hulle as apostels aangestel was.

Elke apostel moes verward, ontsteld, ontnugterd en ontgogeld ontdek dat Jesus hulle nie medebestuurders, mede-organiseerders, medekampvegters of medebevorderaars van God se koninkryksake maak nie, maar net dienaars wat getuig!

Geestelikes wat hulle met God se koninkryksake wil besig hou, en nie net getuies en dienaars wil wees nie, is altyd vervolgers van Jesus Christus en sy kerk. (Hand. 9: 5)

8. Dit is hoe ons as kerk van die Here ook vandag vervolgt word deur geestelikes wat hulle self sien as kampvegters, bestuurders, organiseerders en bevorderaars van God se koninkryksake sien. Kampvegters wat in die Naam van Jesus teen ons as getuies en dienaars van die Here Jesus Christus as Christus se vyande wil baklei!

Die trefwoord waarmee ons en die Here Jesus vandag mee vervolgt word, is die woord: fundamentalisme of fundamentaliste! Die snaakse van hierdie woord waarmee ons aangeval word, is dat nie een van ons ’n idee het hoekom ons só genome word en wat mense wat ons só benoem daarmee bedoel nie.

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

Wat is fundamentaliste volgens die mense wat ons hieroor aanval?

Een van die betekenisse van hierdie skelwoord, is dat ons nog glo in die bestaan van engele as persoonlike wesens. Dit is 'n openlike verklaarde oortuiging en rede hoekom jy 'n fundamentalis sou wees: jy glo in engele volgens die Bybel soos die Bybel hulle bestaan en werk openbaar. Daarom is jy 'n fundamentalis!

Hulle wat voorhou dat hulle nie fundamentaliste sou wees nie, het deur wetenskaplikheid uit gevind dat engele 'n opgemaakte vroom storie is wat eers in die Persiese tyd opgemaak is. Daar is nie regtig iets soos engele nie, al kondig die Bybel hulle bestaan en werksaamheid aan!

Wat maak hierdie rasionalistiese geestelike opvatting dat engele nie bestaan nie, al openbaar die Bybel dit met die res van die Woord van God? Dit beteken dat daar nie 'n wese soos die Duiwel is nie, want hy is volgens die Bybel 'n engel. Verder, dat so 'n wese nie Jesus in die woestyn sou versoek het nie, Hy nie sulke wesens se mag oor mense sou gebreek het nie en dat so 'n wese nie vandag besig is om 'n valse kerk teen die Here te bemagtig nie. Dit so ook beteken dat die geloofsbelydenis van die kerk oor engele (Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) nie waar is nie.

Met hulle nuwe godsdienstige wetenskaplikheid sal hulle jou leer dat alles hieroor is net geestelike aandoenings van Jesus en mense, dit is nie regtig engele nie. Wie dit glo, is fundamentaliste!

9. Volgens hierdie nuwe yweraars vir God se koninkryksake is jy ook 'n fundamentalis wanneer jy glo dat Jesus as mens van vleis en bloed uit die dood uit opgestaan het en as mens van vleis en bloed vandag in die hemel leef. (Luk. 24: 36-) Hulle aanslag op die Here se opstanding sou wees dat die hemel nie meer God is wat buite sy skepping God sou wees nie, God kan nie meer God in hierdie hemel wees nie. God is net 'n ander dimensie, 'n ander geestelike bestaanwyse van die skepping.

Wat gebeur met ons geloof in Jesus Christus wanneer ons nie meer mag glo Hy het as mens van vleis en bloed uit die dood uit opgestaan om só lewend mens in die hemel te wees nie?

Dan word ons ook nie meer deur die krag van die Heilige Gees ingesluit om deel van sy menswees vandag te wees nie, maar moet ons net met dieselfde goddelike krag of liefdevolle menslikheid vervuld leef soos Jesus geleef het. Dan is Hy net ons voorbeeld van geestelikheid. So verval ook die geloof in sy maagdelike geboorte wat Hom die enigste sondelose mens gemaak het wat met sy heiligheid en regverdigheid vir ons instaan, omdat ons dit self nooit kan wees nie.

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

Om 'n fundamentalis te wees, is om in die Here te glo soos Hy aan sy dissipels en Paulus verskyn het om van hulle getuies van sy lyding en opstanding te maak.

10. Hoekom word ons só aangeval? Ons is fundamentaliste omdat ons só in die Here en sy engele glo!

Want al die geestelikes en intellektueles wil besig wees met God se koninkryksake! Hulle soek 'n reserwemag van mense wat hulle mede-kampvegters van God kan maak. Hulle kry God se koninkrykvisies en koninkrykmissies en dan moet daar troepe en arbeiders wees wat sal veg en bou aan hulle godsdrome.

En mense wie net vir God getuies en dienaars is, kan nie mede-kampvegters en mede-bouers van hulle godsryke word nie! Hulle soek kamerade terwyl ons as gelowiges net mekaar se broers en susters is en nooit God se kamerade kan word nie.

Die hele geestelike bedryf wat ons as gelowiges uitmaak as fundamentaliste, wil met ons presies die teenoorgestelde maak as wat die Here met Paulus en sy ander dissipels gemaak het. Die Here het hulle wat kampvegters vir God se koninkryksake wou wees, net diensbare getuies gemaak deur aan hulle te verskyn as mens wat gely het en uit die dood uit opgestaan het om weer mens van vleis en bloed te wees. Christus het hulle as kampvegters ontmagtig om net getuies te wees.

Nou wil hierdie geestelike bedryf stroop en bevry van ons geloof in die Here se lyding en opstanding, sodat hulle van getuies God se kampvegters kan maak. Wanneer jy van jou geloof en jou status as getuie van die Here gestroop is om nie meer 'n fundamentalis te wees nie, is jy gereed om vir God se koninkryk 'n kampvegter te wees.

11. Só maak hulle van gelowiges nou weer kampvegters van God wat met God se koninkryksake besig is:

- Kampvegters vir God se saak deur mense aan hulle bekerings en geestelike ervarings te onderwerp as God se geestelike sake!
- Kampvegters van God wat mense met God se krag en mag vervul om goddelik te kan leef!
- Kampvegters vir God se saak van die armes, onderdrukte en randfigure van die samelewing!
- Kampvegters vir die demokratiese regte van mense, van die LBGT gemeenskappe se seksuele perversies as God se saak vir God se koninkryk!

Vir al hierdie koninkryksbakeiery het hierdie geestelikes en intellektueles wat God se koninkryk bou, oprig, uitbrei, handhaaf en bedryf 'n reserwemag vir hulle

Christus maak van kampvegters van God teen sy kerk dienaars van sy kerk

gevegseenhede nodig: mense wat bereid is om met God se koninkryksake vir en namens God besig te wees.

'n Kerk van gelowiges wat net diensbare getuies is vir Jesus Christus die Here wat alleen sy koninkryk opgerig het, uitbou, uitbrei en handhaaf, is vir hierdie generaals van God se koninkryk nutteloos.

Daarom moet ons eers van gelowiges tot koninkrykvegters omvorm word en dit gebeur deur ons geloof in en getuienis oor Jesus Christus as die opgestande Here, af te lê as die verknegting van fundamentalisme, waarvan hulle ons bevry! Bevry om getuies te wees sodat ons God se kampvegters kan wees in die Naam van 'n Joodse Jesus. Die Jesus wat Paulus gedryf het om Jesus Christus en sy kerk te vervolg!

12. Dit is die geestelike anargie en anargisme waarin ons as kerk van die Here Jesus al meer gevange en bevange word.

Kerklike teoloë en kerklike amptenare wil met die gesag van kerklike vergaderinge gelowiges van hul getuienis van die Here Jesus Christus se lyding en opstanding bevry om vegters vir God se sogenaamde koninkryksake te word – wat niks anders as geestelikes en intellektueles se godsstate en godsdrone is nie.

So word ons weer die kerk van die Here Jesus Christus wat deur die geestelikes van die ander Christus, die Messias van God se wet, vervolg word. Deur eie opgeleide proponente wat ons kom bevry van ons geloof om kampvegters vir God te word!

Wat moet ons doen? Ons moet weer die Here ontdek as die Here wat kampvegters vir God en God se sake, net diensbare getuies van sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis, opstanding, hemelvaart en regering aan die regterhand van die Vader maak.

Ons mag nie die teenvegters van die kampvegters word nie! Kyk teen wie veg God se sogenaamde kampvegters: “Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy my?’ Hand. 22: 8 Net soos kinders wat by die skool oor hulle ouers gespot word, en nie vir ouers mag baklei nie, net getuig en luister, net so moet ons nie teenvegters word, maar steeds diensbare getuies bly!

Kom ons vertrou die Here Jesus wat van 'n kampvegter vir God teen Hom as Christus, die getuie gemaak het deur wie die Here self sy kerk gebou het. Kom ons skud hierdie aanslag dat ons slegte en minderwaardige Christene sou wees, omdat ons net getuies en nie kampvegters is nie van ons af. Kom ons leef verby hierdie misleiding uit eie kerklike vergaderinge wat ons van ons geloof wil vervreem en bly wie ons is: net getuies en dienaars – nooit geestelikes se kampvegters vir God se koninkryksake nie!